OPENBARING

Vandag gaan ons na die tekens van Johannes in Openbaring 12 & 13 kyk.

Wat beteken dit vir ons?

Is dit belangrik om te weet?

- **Bespreek asb Openbaring 12 en Openbaring 13 met mekaar soos julle die punte klaar lees…**

1. Die vrou beklee met die son...
Openbaring 12:1-2

"Toe het daar 'n groot teken in die hemel verskyn: daar was 'n vrou met die son as kleed om haar, die maan onder haar voete, en op haar kop 'n kroon van twaalf sterre. 2Sy was swanger en het geskree van die pyn, want die geboortepyne was daar."

- Die Vrou verteenwoordig God se volk, Israel.
- Josef se droom (Gen 37:9) "9Hy het ook nog 'n ander droom gehad en hy het dit vir sy broers vertel. Hy het gesê: “Ek het weer gedroom. Die son en die maan en elf sterre het voor my kom buig.”
- Haar swangerskap wys na die geboorte van die Messias uit die nasie van God.

2. Die Draak...
Openbaring 12:3-4

“3Daar het ook 'n ander teken in die hemel verskyn: daar was 'n groot vuurrooi draak met sewe koppe en tien horings, en op sy koppe was daar sewe heerserskrone. 4Sy stert het 'n derde van die sterre van die hemel saamgesleep en hulle op die aarde gegooi. Die draak het voor die vrou gestaan wat op die punt was om 'n kind te kry. Hy wou haar kind verslind sodra sy hom in die wêreld bring."

- Die draak is Satan (Op 12:9) "9want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi."
- 7 koppe en 7 krone dui op die vyand se volledige heerskapy oor die aarde. Hy word ook geken as die prins van die wêreld.
- 10 horings dui op die vyand se mag oor die wêreld.
- 1/3 van die sterre saam met hom dui op die engele wat saam met hom gerebuleer het teen God.
- Hy wou die kind verslind - Ons onthou hoe koning Herodus al die seuntjies 2 jaar oud en jonger om die streke van Betlehem en self in Betlehem vermoor het. Hy wou vir Jesus, die Koning van die Jode en die Koning van die konings dood maak.

A
Ω

3. Die Seun...
Openbaring 12:5

"5Sy het 'n kind in die wêreld gebring, 'n seun, bestem om al die nasies met 'n ystersepter te regeer. Haar kind is egter weggeruk na God en na sy troon toe,"

- Die seuns kind is Jesus, wat uit die volk van God gebore is.
- Hy regeer met 'n ystersepter, Hy regeer oor al die nasies, Hy is Koning van konings. Psalm 2:9, Miga 5:2-4
- Hy is weggeruk na God en na sy troon toe dui op Jesus se Hemelvaart en oor Sy heerskappy oor Sy Koninkryk.

4. Die Hemelse Oorlog...
Openbaring 12:7-9

"7Daar het toe oorlog gekom in die hemel: Migael en sy engele moes oorlog voer teen die draak. Die draak en sy engele het oorlog gevoer, 8maar hulle is verslaan. In die hemel was daar geen spoor meer van hulle te vind nie, 9want die groot draak, die slang van ouds, wat die duiwel en die Satan genoem word en wat die hele wêreld verlei, is uit die hemel uit gegooi. Hy is op die aarde gegooi en sy engele saam met hom."

- Dit het reeds gebeur toe God die Satan verwerp het uit die Hemel uit oor sy trots.
- Dit het sover net gedeeltelik gebeur. Satan het steeds toegang tot die troon om mense aan te kla oor hulle sonde. Soos wat ons lees in Job. Sien ook Openbaring 12:10...
- Dit moet weer gebeur. Satan is reeds verwerp uit die Hemel uit en hy is steeds die een wat ons aankla by die Here, maar hy gaan heeltemal verwerp word en aarde toe gegooi word sodat hy ons nie net aankla oor ons sonde nie, maar dat hy heers oor die aarde het.

5. Die Vrou vlug na die Woestyn...
Openbaring 12:6 & 14

”6en die vrou het na die woestyn toe gevlug waar God vir haar 'n plek gereed gemaak het, sodat die mense haar daar twaalf honderd en sestig dae lank kon versorg."

"14Maar aan die vrou is twee groot arendsvlerke gegee, sodat sy na die woestyn, na haar plek toe, kon vlieg. Daar word sy die hele vasgestelde tyd, weg van die slang af, versorg."

- Die woestyn wys na 'n plek waar die vrou, of God se nasie, die Israeliete en die kinders van God, ons, beskerm word.
- 1260 dae lank is Sy versorg in die woestyn.
- Die 2 groot arendsvlerke verwys na hoe God Sy nasie gered het uit Egipte en teen die Farao... (Eks 19:4) "4“ ‘Julle het gesien wat Ek aan Egipte gedoen het, en hoe Ek julle soos op arendsvlerke veilig gedra en na My toe gebring het."

6. Die Draak se woede...
Openbaring 12:15-18

"15Die slang het toe 'n stroom water soos 'n rivier uit sy bek agter die vrou aan uitgespoeg, sodat sy deur die stroom meegesleur kon word, 16maar die aarde het die vrou te hulp gekom. Dit het oopgegaan en die stroom opgesluk wat die draak uit sy bek uitgespoeg het.

17Die draak was woedend oor die vrou en hy het weggegaan om oorlog te maak teen haar ander nakomelinge wat die gebooie van God nakom en aan die getuienis vashou wat Jesus gelewer het. 18Die draak het toe op die seestrand gaan staan."

- Die vyand probeer steeds die kinders van God vernietig terwyl hulle in die woestyn, of die plek van beskerming is, maar God red hulle bonatuurlik.
- Dan sien ons hoe die vyand woedend word en teen die vrou dan gaan hy om oorlog te maak teen die ander gelowiges.
- Hierdie is ook waar die standpunt van die wegraping ook gevestig word. Want die vrou is weggeneem na die plek van beskerming op aardensvlerke, en dan kan die Satan haar nie aanraak of iets aan haar doen nie, dan draai hy sy fokus op die ander gelowiges, mense wat sien dat Jesus werklik Koning is en Hom dan begin volg en aan Hom gehoorsaam word...

Bespreek met mekaar wat julle sover uit Openbaring 12 gesien en geleer het…

7. Die Dier uit die see...
Openbaring 13:1-10

"1En toe het ek 'n dier uit die see uit sien kom met tien horings en sewe koppe. Op sy horings was daar tien heerserskrone en op sy koppe godslasterlike name. 2Die dier wat ek gesien het, het soos 'n luiperd gelyk. Sy pote was soos dié van 'n beer en sy bek soos dié van 'n leeu.

- Hierdie dier het 7 koppe en 10 horings, soos die draak.
- Die dier het soos 'n luiperd gelyk, met pote soos 'n beer en 'n bek soos 'n leeu.
- Daniël 7 praat baie indiepte oor hierdie dier. Gaan lees dit asb.
- Maar dit is hoe ons weet die dier verteenwoordig 'n aardse koninkryk of regeering.
- Baie mense praat die laaste tyd oor 'n one-world-order. Dit kan moontlik hierdie dier se doel wees. En hierdie dier kry sy mag van die Satan af...

Die draak het sy mag, sy troon en groot gesag aan hom gegee. 3Dit het gelyk asof hy aan een van sy koppe dodelik gewond was, maar die dodelike wond het genees, en die hele wêreld het verwonderd agter die dier aan geloop. 4Die mense het die draak aanbid omdat dit hy is wat die gesag aan die dier gegee het. Hulle het ook die dier aanbid en gesê: “Wie kan met die dier vergelyk word? En wie kan teen hom oorlog voer?”

5Die dier is toegelaat om verskriklike dinge te sê en te laster en om twee en veertig maande lank gesag uit te oefen. 6Hy het teen God begin laster, hy het God se Naam en sy woonplek en dié wat in die hemel bly, belaster. 7Aan hom is daar ook mag gegee om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin; en daar is gesag aan hom gegee oor elke stam, volk, taal en nasie. 8Al die bewoners van die aarde sal hom aanbid, almal wie se name nie van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is nie.

- Dit kan 'n Koninkryk of 'n nasie wees soos wat Daniël beskryf, of dit kan een persoon wees, ook bekend as die Anti-Christus
- Hierdie doodelike wond wat genees kan verwys na 'n valse opstanding uit die dood, en dit is hoekom mense hom gaan begin aanbid...

9As iemand kan hoor, moet hy hierna luister!

10As iemand bestem is vir gevangenskap, gaan hy in gevangenskap; as iemand bestem is om met 'n swaard doodgemaak te word, word hy met 'n swaard doodgemaak.

Hier het die gelowiges volharding en geloof nodig.

8. Die Dier uit die aarde...
Openbaring 13:11-15

"11Toe het ek 'n ander dier gesien wat uit die aarde uit kom. Hy het twee horings gehad soos 'n lam s'n, maar hy het soos 'n draak gepraat. 12Hy oefen al die gesag van die eerste dier namens hom uit.

Hy maak dat die aarde en die bewoners daarvan die eerste dier aanbid, dié een waarvan die dodelike wond genees het. 13Hy doen groot tekens, sodat hy selfs vuur van die hemel af op die aarde laat kom vir die mense om te sien.

14Aan hom is daar mag gegee om wondertekens namens die dier te doen, waardeur hy die bewoners van die aarde mislei. Hy sê die bewoners van die aarde ook aan om 'n beeld op te rig vir die dier wat die litteken van die slagmes het en wat weer lewend geword het. 15Aan hom is daar ook mag gegee om asem in die dier se beeld te blaas, sodat die beeld kan praat en almal kan laat doodmaak wat nie die beeld aanbid nie."

- Hierdie dier verteenwoordig 'n vals profeet of 'n misleidende vals geloof...

9. Die Merk van die dier... 666
Openbaring 13:16-18

"16Hy verplig al die mense, klein en groot, ryk en arm, vryes en slawe, om 'n merk op hulle regterhand of op hulle voorkop te dra 17en laat niemand toe om te koop of te verkoop nie, behalwe die mense wat die merk het. Die merk is die naam van die dier of die getal van sy naam.

18Hier is wysheid nodig. Wie verstand het, kan die getal van die dier ontsyfer, want dit is 'n mens se getal. Sy getal is ses honderd ses en sestig."

- Waarna hierdie verwys is die aanbidding van die anti-Christus.
- Lees Eksodus 13:3-9 saam deur.
- Die teken op die hand en die merk op die voorkop is ‘n bewys van ware aanbidding en lof aan God alleen, maar in die eind tye gaan dit ‘n teken en ‘n merk wees van aanbidding aan die anti-Christus…

- In Openbaring 12 & 13 gebeur baie!! Van die tekens het alreeds gebeur en van hulle het al gebeur maar moet weer gebeur en van hulle moet nog gebeur...

- Wat ek en jy verseker weet, is dit... Openbaring 12:10-12

Openbaring 12:10-12

“Nou het ons God die redding gebring, nou is sy mag en koningskap hier, en die gesag van sy Gesalfde! Die aanklaer van ons medegelowiges is uit die hemel uit gegooi, hy wat hulle dag en nag voor ons God aangekla het. 11Hulle het self die oorwinning oor hom behaal danksy die bloed van die Lam en die boodskap waarvan hulle getuig het; en hulle het nie hulle lewens so liefgehad dat hulle onwillig was om vir Hom te sterwe nie.

12Daarom, hemel en dié wat daarin bly,
verheug julle. Maar vir julle, land en see, wag
daar ellende omdat die duiwel na julle toe
gekom het met groot woede en met die wete
dat hy min tyd het.”

fresh
NES JY IS, WAAR JY IS